6 Augustus 2017

09:00 Erediens – Doop

Peet Crous

Tema: Diskant (Poppekas)

Die volgende babas word vanoggend gedoop: *Lily Erwee* (Frikan en Elri), *Michael Last* (Louis en Sandra), *Christoff en Paul Hugo* (Francois en Liezl) en *Ruben Vollgraaff* (Abré en Ri). Baie welkom aan al die vriende en familie.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Fay van Eeden

Jona Preekreeks 1#: Myne! (Jona 1)

19:00 Belydenisklas

Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe
(Grootgroep in die Kapel)

13 Augustus 2017

09:00 Erediens

Kanselruiling

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Fay van Eeden

Jona Preekreeks 2#: 'n Een-sin-preek (Jona 2)

19:00 Belydenisklas

Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe (GG - Kapel)

Voorbidding:

Koos Terblanche, Oxfordsteeg 4, Lynnwood Manor, 082 886 0418 – operasie.
Maretha van der Hoven, Kings Highway 460, Lynnwood, 082 852 0050 – operasie.
Piet van der Walt, Sussexlaan 435, Lynnwood, 082 490 6737 – siek.
Alice van Niekerk, The Rand 305, Menlopark, 082 411 6546 – siek.

Senior Kategese Ouers

Die boek *Skokkend positief* het tydens onlangse navorsing getoon dat jongvolwassenes wat 'n sterk geloofsidentiteit het en by hulle gemeente betrokke bly die volgende in gemeen het: hulle het saam met hulle ouers Bybel gelees; hulle het hulle ouers sien Bybel lees en hoor bid; hulle het saam met hulle ouers eredienste bygewoon; hulle ouers het gereeld hulle geloofstories of geloofservarings met hulle gedeel. Ons wil graag by Lynnwood Gemeente spesiale geleenthede skep waar ouers en kinders saam oor die Bybel, en die betekenis daarvan vir vandag, kan nadink. Ons nooi jou om die boek Jona saam met jou tiener te kom ontdek. Geniet gerus 'n koppie koffie in Koinonia na afloop van die aanddiens terwyl die jongmense in kleingroepe verder oor Jona nadink. Daar sal ook elke Sondag op die afkondigingsblaadjie 'n gespreksvraag wees wat julle as gesin deur die loop van die week kan bespreek.
Navrae: Fay 083 478 0854.

Orrel Uitvoering

KMD Prof. Carsten Klomp van Heidelberg, Duitsland.
Werke: Bach, Rinck, Mendelssohn en Klomp.
Handel Concerto met Kamermusikante.
Wanneer: 20 Augustus 2017 om 15:00 in die Kerk.
Kaartjies: @R100. Besprekings by bets@nglynnwood.co.za, Sondae by die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week. Kunstenaars na Suid-Afrika gebring deur Lynnwood Gemeente. Moet dit nie misloop nie!

Bybelse Gemeente-ete: Fees van die Bome

Op 25 Augustus hou ons 'n gemeente-ete in die saal. Ons vind aansluiting by die Jode met *Die fees van die Bome*.Tyd: 18:00 vir 18:30. Koste R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Bring asseblief eie eetgerei en glase. Spyskaart is op die webblad – loer gerus! Besprekings by bets@nglynnwood.co.za, Sondae by die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week.

Nuwe Generasie hou saam met Ya Bana erediens

Ons hou op **13 Augustus** saam met Ya Bana oggenddiens. Ons eie Jeanri Bezuidenhout preek en na die erediens gaan ons saam koek-en-tee geniet en met die kinders speletjies speel. Ons vertrek 09:00 vanaf die kerk en sal weer 13:00 terug wees. Bring asseblief R20 saam vir die koek-en-tee. ALMAL IS WELKOM. Om Ya Bana se bakkery te help met getalle RSVP asb. by Liani voor 10 Augustus. Indien jy met vervoer kan help kontak asseblief ook vir Liani 079 506 4078.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gemeentevroue Groep 4** 09:30 (Kiepersolstraat 441, Lynnwood). Johan Jooste praat oor "Jy is nuttig". Navrae: Wilhelma van der Merwe 083 442 6821. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Noot-vir-Noot kuier vir studente en jongvolwassenes** 19:00 (Sjêk). **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – *Isak du Plessis : Skrifbeskouing en verantwoordelike Bybeluitleg.*
Woensdag:	**Vrouedag.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bou 'n Baksteen

Tans beland daar jaarliks tonne nie-herwinbare plastiek op ons asgate en in ons oseane. Selfs huishoudings wat hersirkuleer moet nie-herwinbare plastiek weggooi...maar nie vir lank nie! Ons wil al die huishoudings in Lynnwood uitdaag om vir Augustusmaand al julle nie-herwinbare plastiek en 2liter koeldrankbottels bymekaar te maak om Eko-bakstene mee te bou. Rita Groenewald van Jane Goodall's Roots&Shoots leer vanoggend vir ons presies hoe om 'n Eko-baksteen te bou. Hou die afkondigings en webblad dop of kontak vir Fay vir meer inligting.

Maak 'n verskil hierdie VROUE-MAAND

Die vrouebediening van die VGK gemeente in Machadorp het laat weet dat daar 'n dringende Behoefte aan sanitêre doekies vir jongmeisies is. Ons vra dat elke dame deur die loop van die maand een pakkie doekies saam kerk toe bring. Daar sal vir hele Augustusmaand 'n gemerkte houer in die portaal wees. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay 083 478 0854.

Net 'n oor is 'n ondersteuningsgroep (mentors/ vriendinne) vir Ya Bana se pleegmoeders wat **een maal per maand** (gewoonlik die laaste Woensdag) vir 'n uur of twee gaan tee drink. Ons ontmoet om 09:00 by Lynnwood Gemeente se kerk, vanwaar die Ya Bana bussie kom haal en later weer aflaai. Kontak asb. vir Naomi Brink by 083 534 4850 vir meer inligting en ook indien u belangstel om die volgende tee op Vrouedag 9 Augustus 2017 by te woon.

Kursus om as Spirituele begeleier opgelei te word

Die Kurus (7 blokke van 3 dae oor 'n tydperk van 15 maande) lê toe op ervaring en inoefening. Meestal gehou by Stellastraatgemeente, en gedeeltelik by retreatsentra naby Pretoria, onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien – 7 aanbieders is betrokke by volgende jaar, wat die 9de een sal wees. Aansoeke sluit 30 September 2017 – kurusus begin 18 Februarie 2018. Volledige inligting te kry by wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za) of *SnapScan.*

Snap here to pay
SnapScan

Die Kontak van dié week: Vreugde te midde van eie en ander se swaarkry?

Hoe kan ons lag en bly wees wanneer daar so baie trane gestort word en wanneer nuwe trane elke dag bygevoeg word? Hoe kan 'n mens bly wees as onskuldige mense vermoor word regoor die wêreld? Hoe kan mens lag en speel wanneer kinders honger ly? Hoe kan ons dans wanneer mense naby jou swaar kry? Het ons 'n reg tot vreugde as ons nie huil oor diegene wat ly nie? Dit is van die vrae wat Jürgen Moltmann gevra het in 'n uitstekende lesing in Universiteitsoord vroeër vanjaar.

Vreugde en blydskap is die krag om te lewe, om lief te hê en kreatiewe inisiatief te hê. Vreugde ontwaak al ons sintuie, ook ons energieke verstand en liggaam. Hoe ervaar ons hierdie krag in die teenwoordigheid van die 'lewende God' (Psalm 42:3; 84:3)? Hoe resoneer ons lewe met die enorme vreugde van God te midde van pyn en lyding?

Ons moet net eers onderskei tussen *vreugde* en *pret*. Vandag in die ryker samelewings en opkomende middelklasse, leef ons in 'n "*pret-gemeenskap*". Vreugde is blywend en dui op die mens se houding teenoor die lewe. Pret is korttermyn en benodig vermaak. Die gevoel oor die lewe wat onderliggend is aan die partytjie-pret-samelewing is juis as gevolg van verveling met die lewe as ware vreugde. Ware vreugde maak jou siel oop, sodat dit diep vloei met 'n skone eenvoud. *Ons kan pret hê, maar ons is in vreugde*. In ware vreugde kom die ekstatiese aard van die menslike bestaan tot uitdrukking. Ons is geskep vir vreugde. Ons is gebore vir vreugde.

Moltmann tipeer die *Christendom as 'n godsdiens van vreugde en blydskap*! Geloof is om te leef in die Christelike feeste van Advent, Kersfees, Epifanie(verskyning), Lydenstyd, Paasfees, Pinksterfees en Koninkrykstyd. En tog is die universele simbool van die Christendom die kruis, 'n simbool van pyn, lyding en wrede dood. Hoe gaan hierdie dinge saam? Is vreugde en pyn teenstrydighede of hoort hulle saam? Wat is groter, die vreugde of die hartseer, die geluk of die pyn, lewe of dood?

Agter die kruis van Christus kom die son van die opstanding op. Die dood van Christus word in herinnering gebring in die lig van sy opstanding. Ons onthou sy opstanding in die prag van die goddelike, ewige lewe wat ons menslike en sterflike lewe nou alreeds hier omhels. Bestaan is *groter* as nie-bestaan, die lewe is *meer* as die dood, hoop is *bo* wanhoop, en so is vreugde *groter* as pyn. Dit is die logika van 'hoeveel te meer' (Paul Ricoeur): Waar die sonde kragtig is, is God se genade soveel kragtiger (Rom 5:20), want Christus het gesterf, maar hoeveel te meer het Christus opgestaan en het Hy die dood oorwin (Rom 8:34). *So, pyn sal ook opgevang word en opgeneem word in die vreugde, wanhoop in die hoop, en tydelike dood in die vreugde van die goddelike lewe.*

Hoe antwoord ons die vraag of ons nie eerder die vreugde in die lewe en geluk moet onderdruk nie, as baie mense wanhoop ervaar, omdat hulle lewe so vol pyn en hartseer is? Ek glo ons kan albei ervaar. *Die geheim van die lewe is liefde*. In liefde gaan ons uit onsself uit en maak ons onsself oop vir *al* die ervarings van die lewe. In die liefde vir die lewe word ons gelyktydig gelukkig en kwesbaar. In liefde kan ons gelukkig en hartseer wees. In liefde kan ons lag en huil. In liefde kan ons jubel en tegelykertyd protesteer.

Hoe dieper liefde in ons lewe intrek, hoe meer lewend voel ons, en tegelyk, hoe meer is ons in staat om bedroef te word. Dit is die dialektiek en die uitdagende van die liefde. Ons kan nie die eerste sonder die tweede hê nie. Wanneer ons as gevolg van ons eie of ander se wonde liefde uit die lewe onttrek en opgee, verloor ons belangstelling in die lewe en word ons apaties. Dan voel ons nie meer die teleurstellings, die onreg en die pyn nie, maar ons leef dan ook nie regtig meer nie. Dit is die dood van die siel wat die dood van 'n mens voorafgaan.

Vreugde in die lewe se geluk motiveer ons juis om op te tree téén die lewe wat vernietig word en téén diegene wat die lewe vernietig. En die hartseer oor die lewe wat verwoes is, is niks anders as 'n vurige verlange na die bevryding van lewe, na geluk en vreugde nie. Anders sal ons onskuldige lyding aanvaar en die vernietigde lewe as ons lot en bestemming aanvaar. Medelye is deel van 'n lewende vreugde. Ons beskuldig God nie omdat daar lyding in die wêreld is nie. Inteendeel, ons protesteer met vreugde in die naam van God teen lyding en diegene wat dit veroorsaak.

U leer my hoe om te lewe.
By U is daar oorvloedige blydskap. Psalm 16:11

Geniet gerus die lied "Song of Joy" se besondere woorde en melodie van Beethoven! https://youtu.be/gmgLi5458Gc

Immanuel van Tonder (namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Cantate Domino - koor benodig lede: 'n Interkerklike gemeenskapskoor onderleiding van Francois van Niekerk met begeleiding deur Pierre Cronjé. Die koor wil graag 'n puik Kersprogram aanbied asook optree vir belangrike geleenthede in 2018 en benodig daarvoor heewat meer stemme. Oefentye: 19:30 – 21:00 by NG Kerk Meyerspark. Kontak: Stephannie 082 558 1153, Elmarie 082 976 5228, Elize 082 925 1542.

Kraakvars Classics: 27 Augustus 2017 om 16:00 in die Atterbury Teater. Koste: R180-R200 by Computicket.

Tafelberg Boeke en Pretoria se Afrikaanse Leeskringe nooi almal om te kom luister na Etienne Bloemhof in gesprek met Etienne van Heerden oor sy nuwe roman *Die Wêreld van Charlie Oeng*. Op 17 Augustus 2017 om 10:00 by Atterbury Teater. Koste R100 pp (verversings ingesluit), Besprekings by Computicket. Navrae: leeskring@gmail.com.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Werkloosheidsversekering (UIF): Huis-/tuinwerkers se werkloosheidsversekering moet nou deur die *u-Filing*-sisteem gedoen word. Kontak vir Isabel Mulder 082 448 5484 of aldiemulders@telkomsa.net vir hulp met die moeitelose omskakeling na die *uFiling*-sisteem.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.